dagstukkies met Dennis Francis

30 JANUARIE 2019

Deuteronomium 31:6: #Beskerming

"Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie."

Toe die Here Moses honderd-en-twintigjaar uitgespaar het, het Moses aan die hele Israel gesê dat Hy kan nie meer in- en uitgaan nie. Die Here het aan hom gesê dat hy nie die volk deur die Jordaanrivier gaan neem nie.

Wat 'n skok boodskap moes dit nie vir die volk Israel gewees het nie? Dit het moontlik groot onsekerheid onder die mense gebring. Voor hulle lê die Jordaanrivier, kant en wal en oorkant is die konings van die Amoriete en die Hettiete wat vir hulle wag. Dank die Here dat daar was 'n opvolger vir Moses in die naam van Joshua.

In Deuteronomium 31:3 gee die Here die versekering: "Die Here, jou God, trek voor jou uit; Hy sal hierdie nasies voor jou uitdelg; en jy sal hulle uit hul besittings verdrywe; Joshua. Hy trek voor jou oor soos die Here gespreek het."

Daarom: "Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie, want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie."

Vrede / Shalom.

Tygerberg 104 FM